# 5. MISSIONALE EKKLESIOLOGIE

*Strategiese Perspektief*

## 5.1. INLEIDEND

**G Heitink** wys daarop dat Praktiese Teologie kragtens sy eie aard gerig is op *verandering* deur middel van prosesmatige begeleiding en beïnvloeding. Strategie gaan om verandering, om transformasie (Heitink 1993 [2000]:195-211).

Die vraag is egter : *Waartoe word verander? Wat is die eindpunt van verandering? Op grond waarvan en hoe vind dit plaas?*

In hierdie hoofstuk gaan dit om die *verandering* van die bedieningspraktyk in die NHKA. Daar word van die standpunt uitgegaan dat die gemeentelike praxis en bedieningspraktyk in die NHKA moet *transformeer*, van 'n *pastorale bedieningspraktyk* na 'n *missionale bedieningspraktyk.*

'n Missionale bedieningspraktyk berus op die insigte wat verkry word vanuit die Praktiese Ekklesiologie in die algemeen en in besonder Missionale Ekklesiologie.

Een van die beste (samevattende) definisies van Missionale Ekklesiologie, is deur **P Hooker** geformuleer:

*Missional ecclesiology demands more of the church than deciding which community service projects to undertake or setting congregational priorities for the coming year. Missional ecclesiology is a way of understanding the church. It begins with the Missio Dei — God's own "self-sending" in Christ by the Spirit to redeem and transform creation.*

*In a missional ecclesiology, the Church is not a building or an institution but a community of witness, called into being and equipped by God, and sent into the world to testify to and participate in Christ's work. The Church does not have missions; instead, the mission of God creates the Church. The Church serves God's call to mission through its work in three broadly defined categories: the proclamation of the Word of God, the administration of the sacraments of*

*Baptism and the Lord's Supper, and the nurture of the covenant community of disciples.*

*It undertakes this mission without regard for its own agenda or survival.*

(Hooker 2008:1-2)

*Belangrike uitgangspunte in Missionale Ekklesiologie is:*

- Dit gaan om 'n bepaalde verstaan van kerkwees (kerkbegrip), naamlik dat die kerk *as gevolg van* en *ter wille van* die *Missio Dei* bestaan;
- Dit gaan om God wat self besig is om sy skepping te transformeer en te verlos;
- Die kerk is 'n geloofsgemeenskap wat deelneem aan God se handelinge deur te getuig van Jesus Christus;
- Dit gaan om die verkondiging van die evangelie deur die Woord en Sakrament;
- Dit gaan om 'n verbondsgemeenskap wat dissipels van Jesus Christus word;
- Dit gaan nie om die kerk se eie agenda of oorlewing nie.

Missionale Ekklesiologie gaan om die roeping van die kerk. Dit gaan om kerkwees in die lig van die Woord en in gehoorsaamheid aan God. Missionale Ekklesiologie wil die kerklike praxis *voortdurend* transformeer: Daar moet beweeg word van 'n selfgesentreerde instandhoudingsmodel na 'n openheid vir die wêreld as deel van God se handeling met die wêreld. Dit impliseer 'n voortdurende bekering, weg van die kerk se eie belang en oorlewing na die koninkryk van God.

Daar is reeds verwys na verskeie teoloë wat oor kerkwees nagedink en geskryf het. Elkeen van hulle het eie uitgangspunte en voorstelle oor kerkwees in die 21e eeu. Tans is die dokument van Die Wêreldraad van Kerke *Purpose and Mission of the Church* (Faith & Order 2005) van besondere belang in ons

nadenke oor Missionale Ekklesiologie. Die sentrale plek wat die missionale dimensie van die kerk inneem, word duidelik aangetoon (Faith & Order 2005:11ev)

Die gevolgtrekking waartoe gekom word, is dat die *missio Dei* van sentrale belang vir kerkbegrip en kerkwees is. Teoloë is dit eens dat die hart van kerkwees in God se handelinge met die wêreld te vind is. Die *missio Dei* vorm die basis en vertrekpunt van alle kerklike bediening (Bosch 1991:467ev).

Daar is reeds aangetoon dat daar nie één model of benadering is wat 'reg' is en aan alle gemeentes voorgeskryf kan word nie. *There is no normative way to* ***organize*** *local congregations* (Guder 2000:147). Die normatiewe lê nie op die vlak van die struktuur of organisasie nie, maar in die roeping van die kerk om te getuig van die evangelie. Die oorkoepelende en leidende beginsel waarvolgens die gemeentelike praxis getransformeer moet word, is te vind in die *missio Dei.*

Wat vervolgens aangebied word het dus nie die pretensie om 'n gedetailleerde bedieningsplan aan alle gemeentes voor te skryf nie. Daar word juis van die veronderstelling uitgegaan dat die kerklike praxis kontekstueel bepaald is en dat elke plaaslike geloofsgemeenskap biddend moet luister na wat die Gees vir die gemeente sê. Deur onderskeidend te luister en te vra na God se wil, kan gemeentes van die NHKA met groot verantwoordelikheid en roepingsbewustheid gestalte gee aan die Kerk van Christus.

Wat hier aangebied word is hoogstens enkele belangrike temas, die buitelyne van 'n skildery. Hoe plaaslike geloofsgemeenskappe dit inkleur hang af van hulle visie, van die hoop en verwagting wat hulle koester. *The gospel is always to be embodied by the people of God in a particular place. The sent-out community is sent out into the specific context in which it is located* (Guder 2000:148).

Voordat 'n missionale bedieningspraktyk bespreek word, is dit nodig om aandag te gee aan die ***proses van transformasie***; aan ***kerklike leierskap*** wat die proses moet fasiliteer en nuwe ***taal*** wat in die proses geskep moet word.

## 5.2. TRANSFORMASIE

*Transformasie is lewensnoodsaaklik vir die kerk. Transformasie is nie 'n pragmatiese aangeleentheid nie, maar is wesenlik aan die kerk...........*

In die Histories-vergelykende Ekklesiologie, soos uiteengesit in hoofstuk 2, is 'n onderskeid getref tussen institusionele, transformerende en nie-institusionele benaderings tot kerkwees. In die daaropvolgende uiteensetting is aangetoon dat die NHKA 'n institusionele benadering tot kerkwees vertoon en dat dit bydra tot die kerk se stagnasie en verval.

Daar is ook aangetoon dat 'n transformerende benadering tot kerkwees eie aan 'n reformatoriese kerk is. Die Kerkhervorming van die 16e eeu was niks anders as 'n ingrypende en radikale transformasie van die kerk nie. Vir 'n reformatoriese kerk soos die NHKA behoort transformasie nie vreemd te wees nie. Die Kerkhervorming was nooit bedoel om 'n afgehandelde saak te wees nie. Die kerk moet telkens, in die lig van die Woord, hervorm en transformeer. Transformasie is 'n deurlopende proses. Vandaar die slagspreuk *ecclesia reformata semper reformanda.*

Daarom is dit ook nie vreemd dat die NHKA in sy Kerkorde, onder die opskrif "Hervorming", die volgende in Ordinansie 5.7.5 stel nie: *"Die Kerk sit sy Reformatoriese taak ten opsigte van homself en ander kerke en kerkgroepe voort"* (NHKA 1997:78). Die NHKA behoort dus voortdurend te transformeer.

Wat kerkhervorming, vernuwing of transformasie behels, is nie altyd duidelik nie. Dat daar weerstand teen transformasie is en dat dit altyd konflik veroorsaak, is baie duidelik.

Daarom is die maklike keuse om nie met 'n proses van transformasie te begin nie. Dit is die weg van die minste weerstand, behou rus en vrede maar dit is tegelykertyd 'n keuse vir stagnasie en verval.

**FJ Labuschagne** beklemtoon dat transformasie en leierskap 'n bepaalde rigting impliseer. As lidmate nie weet in watter rigting die kerk en gemeente

gelei word nie, is dit 'n doellose en oneffektiewe proses (Labuschagne 2009:118).

Transformasie is nie 'n neutrale handeling nie, maar is normatief bepaald. **DS Browning** wys op die belang van *theological ethics for all the strategic practical theological disciplines* (Browning 1991:96-109). Na bespreking van verskillende teorieë ten opsigte van teologiese etiek, kom hy tot die gevolgtrekking dat die geloofshandelinge van 'n gemeente grootliks bepaal word deur die *praktiese rede* (Kant) in 'n poging om die kerklike praxis te rekonstrueer in die lig van die uitdagings waarvoor die gemeente te staan kom (Browning 1991:107).

**G Heitink** se verstaan van transformasie het ook etiese implikasies. Die Bybelse eis van bekering en wedergeboorte maak voortdurende transformasie noodsaaklik. Saam met Firet beskou hy bekering as *'n fundamentele verandering in die geestelike funksionering* van 'n gemeente (Heitink 1993 [2000]:197-198).

Ook hierdie hoofstuk, waar dit gaan om strategie en kerklike praxis, staan onder die opskrif van *transformasie*, wat dui op 'n omvangryke en ingrypende proses van verandering en vernuwing. Transformasie is 'n oop proses, maar tegelykertyd gebind aan sekere norme en waardes en met 'n bepaalde einddoel.

Wat is die beginsels en einddoel van kerklike transformasie? Miskien kan dit soos volg gedefinieer word:

***Transformasie is 'n proses waarin die gemeente word wat dit reeds in Christus is, te wete die volk van God, die huisgesin van die Vader, die liggaam van Christus en die tempel van die Heilige Gees.***

In hierdie hoofstuk word van die veronderstelling uitgegaan dat kerkwees en bedieningspraktyk in die NHKA wesenlik moet transformeer, *in gehoorsaamheid aan God.* Dit is wesenlik aan die kerk om voortdurend, op grond van die Woord, te transformeer en te hervorm.

Transformasie geskied dus nie op grond van pragmatiese oorwegings of ter wille van oorlewing nie. Soos die *missio Dei* wesenlik aan kerkwees is, so is transformasie op grond van bepaalde beginsels wesenlik deel van kerkwees. Transformasie moet nie verstaan word as 'n noodmaatreël om die kerk te 'red' nie. Inteendeel – transformasie het te doen met bekering, met gehoorsaamheid aan God, met roepingsbewussyn en die eer van God (Guder 2000:150).

Aan die ander kant toon **FJ Labuschagne** aan dat gebrek aan transformasie die kerk wel benadeel (Labuschagne 2009:156-157). In die empiriese navorsing wat hy deur middel van vraelyste gedoen het, dui 94% van die respondente aan dat (volgens hulle mening) transformasie van die NHKA noodsaaklik is (Labuschagne 2009:206). Dit is 'n ander gevolgtrekking as waartoe Dreyer kom in sy empiriese ondersoek (vgl Dreyer 2003). Die afleiding kan gemaak word dat omstandighede en persepsies in die NHKA in vyf jaar ingrypend verander het.

Enige poging tot transformasie van die kerklike praxis bly 'n waagstuk en sal altyd weer gekorrigeer word. Daarom bestaan daar talle voorbeelde van modelle en benaderings en word daar voortdurend nuwe voorstelle gemaak.


***Weerstand teen transformasie***

Dat transformasie noodsaaklik is, word algemeen aanvaar. Dat dit bykans onmoontlik is, is net so waar. Vir kerke soos die NHKA, met sy dominante institusionele benadering tot kerkwees, is transformasie 'n buitengewoon moeilike proses as gevolg van 'n natuurlike weerstand teen verandering en 'n onvermoë om nuwe geloofspraktyke aan te leer (Heitink 2007:355).

Talle gemeentes van die NHKA het hulle op die pad van transformasie begeef en hulle vasgeloop teen lidmate en ampsdraers se onwilligheid om te verander. As gevolg van konflik en spanning, word alle pogings tot transformasie gestaak met gepaardgaande wantroue en verdeeldheid.

Teleurstelling en frustrasie met die proses is dikwels die aanleidende oorsaak waarom aktiewe en meelewende lidmate, wat gehoop en gebid het vir vernuwing en verdieping, die kerk verlaat.

**GR Rendle** maak die volgende grafiese voorstelling van weerstand teen transformasie en die uiteindelike aanvaarding van transformasie (Rendle 1998:110; Seed Educational Trust 2008:26):




Hierdie kurwe vertoon baie ooreenkomste met die werk wat Elizabeth Kubler Ross gedoen het oor die proses wat terminale siek pasiënte en hulle familie deurgaan (Seed Educational Trust 2008:26). Daar is inderdaad ooreenkomste in die proses, die emosies en aanvaarding van verandering. In 'n transformasie proses is daar talle lidmate wat gevoelens van verlies, ontnugtering en onsekerheid ervaar. Die emosies wat ervaar word, volg ook nie kronologies nie maar kom en gaan.

Dit is ook normaalweg so dat aan die bokant van die kurwe baie energie en aktiwiteit ontstaan, terwyl die onderkant van die kurwe deur groter kalmte en selfs passiwiteit gekenmerk word. In periodes van woede en weerstand is daar baie groot aktiwiteit, wat tot intense konflik kan lei. Aan die ander kant van die kurwe is daar ook mense wat reeds deur die proses is, transformasie aangryp en integreer. Ook daar is baie aktiwiteit. Dit lei noodwendig tot polarisasie, indien dit nie behoorlik begelei word nie.

Weerstand teen transformasie funksioneer op drie vlakke (Seed Educational Trust 2008:31):

- Gebrekkige kennis en blootstelling (*I don't get it......)*
- Psigologiese en emosionele reaksie as gevolg van 'n verlies aan mag, status en respek asook gevoelens van onvermoë, isolasie en lusteloosheid (*I don't like it.....*).
- Persoonlike verskille op grond van 'n gedeelde geskiedenis, kulturele verskille en verskille in waardes (*I don't like you......*)

***Stolling***

Weerstand teen transformasie het ook te doen met 'n verskynsel wat ek ***stolling*** noem (in Engels: *stuckness)*. Dit is 'n sterker woord as die *stagnasie* waarna Heitink verwys (Heitink 2007:20). Stolling dui op vloeistof wat verander in 'n vaste stof en dus onbeweeglik word. Die kerk stol in vaste strukture en onaanpasbare kerklike praxis.

Stolling hou verband met *'the way in which we try to solve a variety of problems with which life confronts us ......' 'we tend to make use of well-intended solutions built into the rules and structure of the system - solution that create life-draining feedback loops.......' 'we try to solve difficulties of living and working together in ways (usually the same old ways) that make things worse by creating self-enforcing vicious circles........'* (Seed Educational Trust 2008:13).

Ironies is stolling (onder andere) die resultaat van sukses wat in die verlede behaal is. Omdat 'n bepaalde benadering of proses in die verlede suksesvol was en die gewenste resultate gelewer het, word daarmee voortgegaan selfs al sou nuwe omstandighede dit geheel en al ontoepaslik maak.

'n Tipiese voorbeeld daarvan is kerke wat met 'n bepaalde kerklike praxis voortgaan, omdat dit in die verlede doeltreffend was. Dit is vir organisasies of kerke, wat voorheen suksesvol was, baie moeilik om kreatief en buite die gewone konvensies te dink en te handel. Daarvan is die NHKA 'n klassieke voorbeeld. Die pastorale bedieningspraktyk, wat in die verlede bygedra het tot die groei en vooruitgang van die kerk, word ten alle koste voortgesit en in stand gehou.

*Simptome van stolling is die volgende (vgl Seed Educational Trust 2008:13-14):*

- Konflik
- Skuldiges word uitgewys
- Onvermoë om nuwe lede vanuit diverse agtergrond te betrek by die gemeente en die bediening
- Dalende getal lede
- Swak erediensbywoning
- Groepvorming
- Gebrek aan visie
- Die verlede word geïdealiseer
- Instandhouding van bestaande strukture is uiters belangrik
- Bediening het in vaste en onveranderlike vorme gestol.

**KA Halstead** het daarop gewys dat gemeentes wat daarin slaag om stolling te verbreek en begin met 'n proses van transformasie, ervaar stygende energie, oop kommunikasie, vertroue in die leiers van die gemeente en 'n gevoel van verdieping in geloof en volwassenheid in dissipelskap. Hulle vertoon ook 'n

groter vermoë om aan te pas by veranderende omstandighede (Halstead 1998:2).

Wanneer kerke of gemeentes vasval en simptome van stolling vertoon, is dit dikwels nodig om (1) eksterne fasiliteerders in te bring om die proses van transformasie verder te begelei en (2) die leiers toe te rus om deur middel van fasiliterende leierskap die proses van transformasie op 'n kundige wyse te begelei. In die hele proses is die opbou van goeie verhoudings en vertroue van kardinale belang.

Dit impliseer dat die leierskorps van 'n gemeente of 'n kerk die basiese beginsels van stolling, transformasie, konflik en veranderingsbestuur verstaan en kan implementeer.

Dit is juis waar predikante met 'n tradisionele teologiese opleiding te kort skiet. Baie min predikante verstaan die kompleksiteit van verandering en het ook nie die vaardighede om dit te hanteer nie. Dit lei daartoe dat predikante vasgevang word in 'n web van konflik, geen visie het nie en uiteindelik hoop verloor. Dit is na my mening een van die grootste oorsake van die groot getalle predikante wat die bediening verlaat.

***Liniêre of aanpasbare transformasie?***

Een van die belangrikste deurbrake wat op die terrein van veranderingsbestuur gemaak is, is die onderskeid tussen *liniêre* en *aanpasbare* verandering (Engels: *Linear vs. adaptive change*). Ander terminologie wat benut word is *tegniese* of *meganiese* verandering teenoor *chaotiese* verandering (Seed Educational Trust 2008:21; Niemandt 2007:52).

Tegniese of liniêre verandering kan gedefinieer word as 'n *proses van geleidelike innovasie.* Dit is 'n proses waarin die oortuiging bestaan dat oplossings binne ons vermoë is en dat dit die instandhouding van die bestaande strukture sal verseker (Niemandt 2007:52).

Chaotiese of aanpasbare transformasie kan gedefinieer word as 'n proses van skeppende innovasie. Dit vereis transformasie op die diepste vlakke en laat

niks onaangeraak nie (Niemandt 2007:52). Dit is 'n proses waar die oortuiging bestaan dat oplossings nie binne ons vermoë is nie; dat die organisasie moet verander of sterf; dat die oplossings krities belangrik is vir ons toekoms en dat dit vereis dat met die verlede gebreek word. Chaotiese en aanpasbare transformasie word gebore vanuit die pyn van 'n bepaalde situasie en die verleentheid dat ons geen oplossing daarvoor kan vind nie (Seed Educational Trust 2008:22).

In die chaosteorie word van die standpunt uitgegaan dat daar soveel veranderlikes en soveel kompleksiteit in die lewe opgesluit lê, dat dit onmoontlik is om te voorspel hoedat 'n transformasie proses sal verloop. Die mees onverwagte dinge gebeur. Chaos is dus nie 'n verleentheid nie, maar 'n geleentheid vir verandering. Chaos is die normale verloop van sake. In 'n modernistiese denksisteem behoort alle transformasie glad en volgens bepaalde reëls te verloop. Dit gebeur egter baie selde dat 'n proses van transformasie sonder momente van chaos verloop. Die belangrike insig is die besef dat *chaos normaal* is.

**RA Heifetz** beklemtoon verder dat aanpasbare transformasie berus op die vermoë om te kan *leer* en die vermoë om dit wat geleer word, in die praktyk te implementeer (Heifetz 1994:76). Juis dit is een van die fundamentele probleme in die transformasie van kerkwees: Predikante, kerkleiers en lidmate ontsien die moeite om nuwe vaardighede aan te leer en bly dus by die bekende.

Wanneer transformasie beperk bly tot 'n liniêre verandering van strukture, nuwe programme, beter toerustingsmateriaal of ander musiek in die erediens, bly dit transformasie wat op die institusionele vlak funksioneer. Dit is hoogstens kosmetiese verandering. In wese verander niks in die kerk nie.

In Engels is daar 'n bekende spreekwoord: *The more things change, the more they stay the same....* Dit kan met 'n praktiese voorbeeld geïllustreer word:

- Probleemstelling: Daar heers groot kommer oor jongmense wat nie meer kategese of eredienste bywoon nie.
- Oplossing: Skryf nuwe en beter kategese handboeke teen baie groot koste.

- Metodiek: Lei kategete op wat die les inhoude goed voorberei en aanbied.
- Gevolg: Kinders woon steeds nie kategese by nie.
- Emosie: Moedeloosheid

Op die oog af lyk iets soos nuwe toerustingsmateriaal, kursusse en seminare na vernuwing, revitalisering en transformasie. Omdat dit gewoonlik net op die institusionele vlak funksioneer en bestuur word, is daar geen wesenlike transformasie wat plaasvind nie, lewer dit geen resultate nie en skep dit eerder 'n gevoel van moedeloosheid. **DL Guder** som dit soos volg op:

*There is a tendency, especially in the North American churches, to solve problems by reorganization. What I have tried to make clear, is that the church's crisis is one of fundamental vocation, of calling to God's mission, of being, doing, and saying witness in faithfulness to Jesus Christ, our Lord. Our missional challenge is a crisis of faith and spirit, and it will be met only through conversion, the continuing conversion of the church.*

(Guder 2000:150)

Uit hierdie kort opsomming word dit duidelik dat liniêre transformasie min bydra tot die wesenlike transformasie van die kerk. Die kerk sal bereid moet wees om die pad van aanpasbare transformasie te loop, met al die risiko's en konflik daaraan verbonde.

Daar sal ook die nodige kundigheid en leierskap in die kerk ontwikkel moet word, om 'n proses van aanpasbare (selfs chaotiese) transformasie te begelei.

***Verander die sisteemverhaal***

Aanpasbare transformasie vereis verandering op die diepste vlakke wat niks onaangeraak laat nie (Niemandt 2007:52). Aanpasbare transformasie moet

begin by die verandering van denksisteme; verandering van die sisteemverhaal of paradigma.

***Aanpasbare transformasie gaan in die eerste plek om 'n transformasie van die hart en die verstand van individuele gelowiges sowel as die kerk in kollektiewe verband.***

**A Hirsch** se uitspraak (in aansluiting by B Easum) is bekend: *Restructure the organization and leave the systems story in place, and nothing changes in the organization. It's futile trying to revitalize the church, or a denomination, without changing the system* (Hirsch 2006:54).

Hirsch (in aansluiting by R Seel) verstaan 'n *systems story* as 'n paradigma en definieer dit as *the set of core beliefs which result from the multiplicity of conversations and which maintains the unity of culture*. Toegepas op die kerk, meen Hirsch dat 'n sisteemverhaal in die volgende sake sigbaar word en ook daardeur voortgesit word (Hirsch 2006:53):

- Die wyse waarop Teologie as wetenskap beoefen word
- Mites
- Simbole
- Magstrukture
- Organisatoriese struktuur
- Sisteme van beheer
- Rituele

Toegepas op die NHKA, is daar reeds aangetoon dat die sisteemverhaal van die NHKA tot 'n groot mate oorheers word deur 'n volkskerklike kerkbegrip, 'n presbiteriaal-sinodale struktuur en pastorale bedieningspraktyk. Dit lei tot sterk strukture, sentrale beheer en 'n institusionele benadering tot kerkwees.

Die wyse waarop Teologie as wetenskap binne die geledere van die NHKA beoefen word, dra ook by tot die institusionalisering van die kerk. Die afgelope


eeu het die NHKA sonder uitsondering die keuse vir teologiese opleiding aan 'n universiteit gehandhaaf. 'n Krities-wetenskaplike en rasionele benadering tot geloof en die kerk is dus nie vreemd aan die NHKA nie.

Kerkhervorming in die 16e eeu het met vernuwing in die teologie begin. Kreatiewe teologiese denke, nuwe teologiese begrippe en die vermoë om dit tot kerklike praxis te omskep was van deurslaggewende belang. Wesenlike transformasie van die NHKA sal noodwendig by kreatief-vernuwende teologiese denke, spesifiek ten opsigte van Praktiese Ekklesiologie, moet begin.

Die NHKA sal ook ernstig moet besin oor die instandhouding van strukture en die manier waarop beheer, kontrole en mag uitgeoefen word.

***'n Deurlopende proses***

Interne transformasie lei tot eksterne transformasie. Transformasie van gemeentes begin met dit wat in die hart en verstand van die predikant en lidmate leef. Interne transformasie begin wanneer die regte inligting (informasie) mense bereik; hulle dit rasioneel verwerk en integreer (formasie); dit gesindhede en oortuigings verander (transformasie) en dit lei tot herstrukturering en hervorming van die sigbare kerk (reformasie). Dit kan soos volg voorgestel word:



***Fasilitering van transformasie***

Vanuit 'n strategiese perspektief is dit uiters belangrik dat lidmate en predikante deur middel van informasie, toerusting, voortgesette opleiding en gespreksgeleenthede begelei word in 'n proses van transformasie en 'n nuwe verstaan van kerkwees. In die NHKA is die proses reeds aan die gang deur die *Netwerk van Missionale Gemeentes* wat streeksgewys in *clusters* byeenkom om oor die kerk se wese, roeping en dienswerk te besin.

Die gesprek (diskoers) oor kerkwees word gekenmerk deur 'n egalitêre benadering, waar deelnemers (professionele teoloë sowel as gemeentelike praktisyns) mekaar as gelykes ontmoet en in gesprek tree. Die 'teoloog' het nie die antwoorde nie. Die persoon wat elke dag in die praktyk worstel met bepaalde uitdagings, kan vanuit die praktyk 'n enorme bydrae tot die gesprek lewer.

In die fasilitering van transformasie is ***agt gesprekke*** van uiterste belang (Seed Educational Trust 2008:36):

- Skep 'n gevoel van dringendheid, soveel so dat dit mense aktiveer om deel te neem aan die proses.
- Voer gesprek oor die noodsaaklikheid van transformasie met soveel as moontlik mense. Die gesprek moet so inklusief as moontlik wees.
- 'n Gesprek oor 'n gedeelde visie en strategie is van groot belang.
- Kommunikeer die inhoud van transformasie.
- Bemagtig deelnemers deur opleiding en toerusting.
- Voer gesprek oor suksesverhale, waar transformasie gelei het tot verbetering van die huidige situasie
- Konsolideer voortdurend die suksesse en gebruik dit om steeds meer mense in die proses in te bring.
- Transformasie moet in die toekoms geanker wees. Dit beteken onder andere dat personeel aangestel word wat die toekomsvisie deel en aktief bevorder.

## 5.3. FASILITERENDE LEIERSKAP

*Transformasie en kerkhervorming sal net gebeur as die proses deur kundige en vaardige leiers gefasiliteer word. Die kerk benodig geestelike leiers.......*

Tradisioneel het kerke volstaan met die gedagte dat die ampsdraers van die kerk leiding moet neem in alle sake wat die welsyn en voortgang van die kerk raak. Ampsdraers neem op grond van die Woord, onder leiding van die Gees en in amptelike vergaderings besluite oor kerkwees. Dit is dus inherent 'n outoritêre besluitnemingsproses. Die term 'leierskap' is dus vreemd aan die kerk.

Een van die kritieke punte van transformasie in die bedieningspraktyk is dat die onderskeid tussen ampsdraer en lidmaat verklein word en dat lidmate 'n groter rol in die gemeente speel – onder andere deur leiding te neem. In alle gevalle, ook waar die amp nog sterk figureer, behoort ampsdraers deeglik kennis te neem van basiese leierskapvaardighede.

Dit is nie 'n vreemde beginsel nie: In die pastoraat word jare reeds gebruik gemaak van insigte vanuit ander wetenskappe soos Psigologie. In die begeleiding van gemeentes is dit vanselfsprekend dat gebruik gemaak word van insigte vanuit die Bestuurswetenskappe.

Dit is veral belangrik wanneer daar begin word met 'n proses van transformasie. In enige proses van verandering en transformasie is leierskap van kritieke belang. Transformasie misluk omdat die persone wat dit moet begelei, (1) nie die kompleksiteit van die proses verstaan nie en (2) nie oor die nodige leierskapvaardighede beskik om 'n baie komplekse veranderingsproses te fasiliteer nie.

Daarom het die NHKA reeds in 2008 begin om predikante van die kerk uit te nooi na 'n *Kursus in Fasiliterende Leierskap*. Die kerk benodig predikante en lidmate wat oor genoeg kennis en vaardighede beskik om gemeentes in verskillende omstandighede te begelei. Hierdie omstandighede sluit in gemeentelike transformasie en gepaardgaande konflik, situasies van stolling

(*stuckness*) en ander venstergeleenthede soos wanneer gemeentes groei of agteruitgaan.

**FJ Labuschagne** het onlangs 'n empiriese ondersoek gedoen na die rol van leierskap in die transformasie van gemeentes (Labuschagne 2009). Dit is dus nie nodig om weer die verskillende teorieë oor leierskap of die rol van die predikant in transformasie volledig te behandel nie. Daar word volstaan met enkele kantaantekeninge wat vir ons doeleindes ter sake is:

***Identiteit***

*A leader's role is not to make sure that people know exactly what to do and when to do it. Instead, leaders need to ensure that there is strong and evolving clarity about who the organization is. When this clear identity is available, it serves every member of the organization.*

(Wheatley 1999:131)

Volgens Wheatley is die primêre verantwoordelikheid van 'n leier die konsekwente kommunikasie van die ***identiteit*** van 'n organisasie.

Toegepas op die kerk, is die kritiese vraag dus: *Wat is die werklike identiteit van die kerk?*

**TFJ Dreyer,** in aansluiting by RE Nelson, toon aan dat identiteit ten nouste verband hou met spiritualiteit (Dreyer 1998:301). Verlies aan spiritualiteit lei tot verlies aan identiteit en onnadenkende nabootsing van ander se spiritualiteit en identiteit. So gebeur dit somtyds dat gereformeerde gemeentes poog om charismatiese spiritualiteit na te boots.

Die saak van identiteit het (na my mening) ook te doen met die kerk as instituut en die kerk as organisme. Dikwels word identiteit gekoppel aan die uiterlike gestalte van die kerk (denominalisme) of elemente daarvan, soos om die kerk as volkskerk te verstaan. In die geval van die NHKA was 'volkskerk' vir baie lank die bepalende komponent van die kerk se identiteit.

Gevolglik is vir baie dekades van die leiers en predikante van die NHKA verwag om die NHKA se identiteit as volkskerk te beskerm en uit te bou. Wanneer dit nie gebeur het nie, het dit gelei tot marginalisering en 'n vertrouensbreuk.

Wanneer die fokus verskuif na 'n organiese verstaan van kerkwees en die kerk allereers as die liggaam van Christus verstaan word, dan word om *in Christus* te wees die werklike identiteit van die gelowige en die kerk. As dit belangrik vir gelowiges is om in verbondenheid met Christus te lewe, een te wees met Hom in sy dood en opstanding (spiritualiteit), verander dit ook die identiteit van die kerk of gemeente. **MA Bothma** formuleer dit soos volg:

*Om 'in Christus' te wees, beteken dat die gelowige homself/haarself met die lewe van Jesus (en die Jesus-saak) identifiseer. Anders gestel, die gelowige leef op grond van die geloof soos Christus op grond van die geloof geleef het. Dit geskied na analogie van die lewe van Christus. Dit behels onder andere: 'n Intieme verhouding met God die Vader en 'n absolute sekerheid van God se teenwoordigheid in die lewe van die gelowige.*

(Bothma 1996:43)

Opsommend kan dus gestel word dat van leiers in die kerk verwag word om die werklike identiteit van die kerk te reflekteer, dws 'n identiteit wat bepaal word deur die eenheid met Christus en roepingsbewuste diensbaarheid in God se koninkryk (spiritualiteit). Waar hierdie verdiepte spiritualiteit en kerkbegrip by predikante of kerkleiers ontbreek, reflekteer dit ook in gebrekkige leiding.

***Waardes***

Aansluitend hierby het leiers die verantwoordelikheid om die kerk te begelei in die handhawing van ***waardes***. Op die langer termyn is die handhawing van kernwaardes van deurslaggewende belang vir 'n kerk.

Wat sou die waardes wees wat vir die kerk deurslaggewend is? Dit kan waarskynlik saamgevat word in dit wat Christus sy dissipels geleer het, die

waardes van God se koninkryk. Die waardes staan dikwels reglynig teenoor die waardes van die gemeenskap waarin die kerk leef en werk.

Dat dit buitengewoon maklik vir die kerk en kerkleiers is om onkrities die waardesisteem van die gemeenskap te handhaaf en deel te maak van die kerk se waardes, is baie duidelik in die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis.

Dit laat die kerk telkens met die verleentheid, dat wanneer die gemeenskap oor sekere sake van opinie verander, die kerk vorige besluite moet herroep en nuwe standpunte moet formuleer. Daarmee verloor die kerk geloofwaardigheid en die vermoë om met integriteit teenoor die wêreld te getuig.

Die samelewing en die kerk het behoefte aan leiers wat konsistent en konsekwent die koninkryk van God voorop stel en lei soos wat Christus leiding gegee het. Dit vra dat kerkleiers partymaal ongewilde besluite moet neem. Op die langer termyn skep dit egter ‘n omgewing waar ‘n gemeente of kerk met integriteit kan getuig van Jesus Christus en die koninkryk van God.

***Deelnemende leierskap***

In die wêreld van verandering en kompleksiteit is dit nodig dat leiers hul fokus moet verskuif van ’n “bevel en beheer”-benadering na ’n ***deelnemende*** benadering. Lewin & Regine (1999:270) formuleer dit soos volg:

*Rather than seeing themselves as the ultimate authority, with all the answers, their authority rested in their ability to see the wholeness of the organization and potential of the people in their organization.*

In ‘n komplekse sisteem soos die kerk is dit belangrik dat leierskap vertikaal en horisontaal gebeur en nie in enkele persone gelokaliseer word nie. Lewin & Regine sê verder:

*A command-and-control, or mechanistic, style of management tends to shackle companies close to the static state, because it dampens interactions among its components, which impedes the emergent creativity from the level of front-line people. This model of management worked well enough in the Industrial Age economy, but is much less effective in the connected economy of the Information Age.*

(Lewin & Regine 1999:54)

Leierskap het dus die verantwoordelikheid om die potensiaal in elke werknemer binne die organisasie te ontwikkel. In die verband sê Jaworski:

*It is not about positional power; it's not about accomplishments; it's ultimately not even about what we do. Leadership is about creating a domain in which human beings continually deepen their understanding of reality and become more capable of participating in the unfolding of the world.*

(Jaworski 1998:3)

Daar sal later aangetoon word hoe belangrik dit is dat lidmate 'n groter rol moet speel, ook in terme van leierskap in gemeentes. Dit is een van die fundamentele denkskuiwe wat nodig is, naamlik dat alle beheer en besluitnemingsbevoegdheid nie net by 'n paar ampsdraers of amptelike vergaderings berus nie, maar dat alle lidmate in die verantwoordelikheid deel.

Dit verg besonderse leierskapvaardighede om afstand te doen van beheer in gemeente, maar tegelykertyd genoeg invloed uit te oefen sodat die gemeentelike prosesse in 'n bepaalde rigting beweeg. Dit berus nie net op die persoon en die vaardighede van die predikant nie, maar ook 'n onderlinge vertrouensverhouding tussen lidmate en ampsdraers.

Kerklike leiers moet die vermoë hê om 'n omgewing te skep waar lidmate met vrymoedigheid inisiatief kan neem en leiding kan gee ten opsigte van gemeentelike bediening. So word energie ontketen en ontstaan die potensiaal van groei.

***Paradoksale leierskap***

Die paradoksale aard van leierskap beteken dat ‘n leier aan die een kant oortuig moet wees van die wese, koers en waardes wat in die kerk opgesluit is.

Aan die ander kant moet daar ’n openheid wees wat die geleentheid bied vir transformasie en dinamiese ontwikkeling.

Die paradoks is te vind in ‘n benadering van “*being leaders by not leading*”. Paradoksale leierskap word soos volg beskryf (Lewin & Regine 1999:272):

- ***The paradox of allowing****. Direction without directives; freedom without guidance; authority without control.*

- ***The paradox of accessibility****. Visible and invisible, mutual but not equal. Visible, as available when needed; invisible when not needed; visible, as mutual and one of the people; and yet as a leader not mutual and invisible as one of them.*

- ***The paradox of attunement****: Knowing and not knowing. Knowing through hunches, intuition and senses and not knowing all the facts.*

‘n Paradoksale benadering tot leierskap is strydig met dit waaraan die kerk oor eeue heen gewoond is. Die tipiese kerklike model, veral binne ‘n institusionele benadering tot kerkwees, is dat amptelike vergaderings en ampsdraers amptelike besluite neem. Besluite word onder leiding van die Woord en Gees geneem. Dit is ‘n ‘bo-na-onder’ proses, wat vereis dat gemeentes en lidmate besluite eerbiedig en gehoorsaam. Die benadering lei tot onmondigheid, gebrek aan deelname, onbetrokkenheid en passiwiteit by lidmate.

Daar is oor eeue heen vasgehou aan die beginsel dat die kerk nie ‘n demokrasie is nie, maar ‘n teokrasie. Christus regeer self sy kerk deur die Woord en Gees, deur die ampte en die vergaderings van die ampte. Geordende

ampsdraers wat in vergaderings byeenkom is dus die 'eintlike' leiers van die kerk, wat alle besluite moet neem en moet sorg dat dit uitgevoer word.

So 'n benadering sou vanuit 'n bepaalde perspektief teologies begrond kon word, maar is beslis nie die enigste perspektief nie. Daar is ook die perspektief dat die kerk die liggaam van Christus is, waar elke ledemaat van die liggaam 'n gawe van die Heilige Gees het wat hy of sy onder leiding van die Heilige Gees aanwend tot opbou van die gemeente. Een van hierdie gawes is om 'leiding te gee' (1 Kor 12:27-30). Daar is geen aanduiding dat dit beperk is tot geordende ampsdraers nie.

Met hierdie enkele voorbeelde word dit duidelik dat die wyse waarop kerklike leierskap in die verlede gefunksioneer het, krities hersien moet word. Die uitdaging waarvoor die NHKA staan, is om (1) kennis en vaardigheid ten opsigte van leierskap te vestig en te ontwikkel en (2) dit op 'n sinvolle wyse te integreer in die bestaande strukture.

In gemeentes stel transformasie besondere eise aan predikante en ander gemeentelike leiers. Tegelykertyd is vaardighede en kennis ten opsigte van transformasie en leierskap een van die areas waarin predikante die swakste vaar, omdat dit nie deel is van die tradisionele opleiding wat teologiese studente ontvang nie.

Die oormatige beklemtoning van klassieke tale, eksegese en prediking in die teologiese opleiding berus op die verouderde opvatting dat die predikant se primêre funksie die uitleg en verkondiging van die Woord tydens die erediens is. Vir eeue was die algemene opvatting dat dit voldoende is as die predikant Sondag die Woord verkondig en in die week die gemeente pastoraal versorg. Die Heer van die kerk sal vir die res sorg en self sy kerk laat groei.

Ongelukkig is dit nie die geval nie. Die eise wat aan kerklike leiers gestel word is baie meer as net Woordverkondiging. Dit gaan om geestelike leierskap aan 'n geloofsgemeenskap op elke denkbare terrein, waarvan die prediking en pastoraat maar twee is. Dit verg meer vaardighede as net eksegese en prediking.

Predikante en kerkleiers ontkom nie aan die eis dat daar nuut oor kerkwees gedink moet word en dat transformasie hoog op die agenda moet staan nie. Dit

is egter onbekende terrein vir meeste predikante, en laat hulle met die frustrasie en angs dat hulle nie weet hoe om aan ‘n gemeente die regte leiding te gee nie.

Indien die kerk erns maak met die krisis wat op hande is en noodsaaklikheid van transformasie, behoort die ontwikkeling van leierskap ‘n basiese deel van teologiese studente se opleiding uit te maak.

## 5.4. NUWE GELOOFSTAAL

*Transformasie en kerkhervorming vereis ‘n nuwe manier van dink en praat. Dit kerk se taal is geloofstaal.........*

*In particular, as humans, the only world we can have is the one we also create together through our language and interactions. Even more important……this knowledge compels us to see that our world, our communities, our organizations will change only if we change.*

Jaworski 1998:175

**W Brueggemann** het gewys op die belang van alternatiewe vorme van spraak. Daar moet op ‘n nuwe en kreatiewe manier oor God gepraat word, gepreek word en metafore geskep word (Brueggemann 1989:3).

Taal skep werklikheid. Daarom is die manier hoedat ons oor die kerk en in die kerk praat van uiterste belang. Nuwe terminologie, nuwe maniere hoe geloof verwoord word, nuwe denke agter woorde en begrippe wat gebruik word skep nuwe werklikhede en fasiliteer transformasie.

**H-G Gadamer** het aangetoon dat daar ‘n direkte verband tussen ‘n sinvolle toekoms en taal bestaan (Gadamer 1977:59). Dit is slegs deur taal dat ons ‘n sinvolle toekoms kan verbeel(d). Taal skep nuwe moontlikhede. Wanneer kommunikasie verander, verander mense se uitkyk op die lewe. Dit lei tot ‘n nuwe verstaan van sake wat aanleiding gee tot diep psigologiese verandering (Niemandt 2007:18).

**CS De Beer** skep die term *inventiewe denke* (van die Engels: *to invent*). Inventiewe denke steek nie vas by ou en vertroude metodes en kennis nie, maar put inspirasie vanuit verskillende oorde. Deur inventieve denke (en taal wat dit tot uitdrukking bring) kan ons 'n nuwe toekoms in die vooruitsig stel en hoop vind (De Beer 2008:154). Dit is slegs deur taal dat die mens werklik mens kan wees en dit is slegs deur taal dat 'n mens 'n sinvolle toekoms kan verbeel en verwoord. Die teenoorgestelde is ook waar: Die misbruik van taal kan alle hoop vir die toekoms vernietig en in die proses degradeer dit die mens in sy wese en bestaan.

**G Orwell,** in sy roman *1984*, maak van die konsep 'Newspeak' gebruik om aan te toon hoe taal gebruik word om mense te beheer en hoop te vernietig deur woordeskat te verminder. Volgens Orwell is dit nie moontlik om vir jouself 'n nuwe wêreld voor te stel as jy nie woordeskat het om dit te verwoord nie. Hy skryf:

*By 2003, earlier probably, all real knowledge of Oldspeak will have disappeared. The whole literature of the past will have been destroyed. Chaucer, Shakespeare, Milton, Byron – they'll only exist in Newspeak versions, not merely changed into something different, but actually contradictory of what they used to be. Even the literature of the Party will change. Even the slogans will change. How could you have a slogan like 'freedom is slavery' when the concept of freedom has been abolished? The whole climate of thought will be different. In fact, there will be no thought, as we understand it now. Orthodoxy means not thinking – not needing to think. Orthodoxy is unconsciousness….*

(Orwell 1949:253)

Die Kerkhervorming van die 16e eeu is 'n klassieke voorbeeld van transformasie op grond van nuwe begrippe en taalgebruik. Tydens die Reformasie en daarna is begrippe soos *sola Scriptura, sola fidei* en *sola gratia* vrylik gebruik. Teologie is op 'n nuwe wyse beoefen met nuwe woorde en uitdrukkings. Dit het paradigmatiese verandering te weeg gebring en 'n nuwe werklikheid geskep.

Transformasie en reformasie is net moontlik wanneer Teologie op 'n nuwe wyse beoefen word en nuwe taal geskep word waaruit 'n nuwe kerklike praxis kan voortvloei. Verandering in teologiese nadenke is die voorwaarde vir vernuwing in kerkwees.

**J Firet** het daarop gewys dat dit in die kerk om kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie gaan (Firet 1987:260). Kommunikasie (taal) is onderliggend aan alle geloofshandelinge soos prediking, diens en viering (Pieterse 1990:49). Gebed, sang, prediking, skuldbelydenis, geloofsbelydenis, pastorale sorg, evangelisasie, vergaderings – alles berus op die onderliggende vermoë van die mens om taal te gebruik en uitdrukking te gee aan emosie, denke en geloof. Geloofstaal skep hoop en verbeel(d) God se toekoms vir die wêreld.

Ten diepste glo Christene dat die Woord skeppingsmagtig is. God het gespreek, en alles kom tot stand. Die Woord het Mens geword (Joh. 1) en onder ons kom woon. Niks het sonder die Woord tot stand gekom nie. Deur die Woord skep God 'n nuwe werklikheid. Deur die Woord kom mense tot geloof, sterf hulle saam met Christus en staan saam met Hom op tot 'n nuwe lewe. Die Woord is 'n bevrydende woord wat nuwe bestaansmoontlikhede skep.

Die enkele voorbeelde is genoeg om aan te toon dat taal van kritieke belang vir die kerk is. Taal skep werklikheid. Taal skep nuwe moontlikhede of vernietig alle hoop. Taal kan opbou of afbreek. Taal kan bind of bevry. Taal laat stagneer of transformeer. Solank as wat volhard word om ou en bekende taal te gebruik, sal niks in die kerk verander nie. Daarom is dit van uiterste belang dat die kerk ***nuwe geloofstaal*** praat.

Een van die kernsake is die *wyse hoe* oor God, geloof en die kerk gepraat word. Wanneer oor die kerk gepraat word, gaan dit hoofsaaklik oor die kerk as instituut; oor begrotings; oor besluite. Dit is selde dat die kerk in *geloofstaal* verwoord word.

Ons leef in 'n tyd van radikale ongeloof en kerklike verval. Ek is van mening dat predikante se teologiese nadenke en taalgebruik juis daartoe kan lei dat lidmate van God vervreemd raak. Die wyse waarop Teologie as wetenskap beoefen word, is een van die belangrike oorsake van ongeloof en kerklike verval.

Die kerk (en die taal wat die kerk praat) het die grootste struikelblok vir die evangelie geword (Niemandt 2007:38).

Die Aufklärung, moderne wetenskap en filosofie het die Teologie dermate beïnvloed dat dit 'n hiper-intellektualistiese bedryf geword het. Dit dreig voortdurend om die geloof te verduister en alle vreugde in die evangelie tot niet te maak. Geloof word voortdurend geproblematiseer. Teoloë floreer op polemiek en probeer mekaar die loef afsteek in die sug na akademiese statuur.

**N Niemandt** tipeer modernistiese taalgebruik as taal waarin kennis as mag verstaan word, waar dit gaan om beheer en kontrole; taal reflekteer 'n analitiese ingesteldheid waarin probleme tot in die fynste besonderhede oopgevlek word; dit problematiseer die Bybel en geloof (Niemandt 2007:16-19).

Daarmee word allermins die belang van teologiese nadenke ontken. Hoe teologiese nadenke verpak word en verwoord word in die kommunikatiewe handelinge van die kerk, is egter van uiterste belang.

Predikante, op grond van hulle teologiese opleiding, verpak hulle teologiese nadenke en geloof normaalweg in rasionele begrippe. Wetenskaplike kennis en korrektheid is van uiterste belang. Geloof is egter nie 'n oefening in wetenskaplike denke nie. Dit is in die eerste plek 'n gebeure wat ervaar en beleef word. Geloof is iets wat met jou gebeur.

**A van Selms** het een van die klassieke kommentare op die Belydenis van Nicea geskryf (Van Selms 1952). In sy uiteensetting maak hy op 'n kreatiewe en aangrypende wyse van metafore gebruik om oor die Christelike geloof te praat. Hy skryf onder andere dat *credo* (ek glo) op dieselfde manier funksioneer as om te sê *ek vrees......* dit hou verband met lyding. Ek kan alleen as gekruisigde erken dat *ek glo* (Van Selms 1952:11).

- Geloof is soos om iets te bewonder. Ek word aangegryp deur skoonheid. Ek besluit nie om te bewonder nie, dit gebeur met my.
- Geloof is soos om te skrik. Jy besluit nie om te skrik nie. Dit gebeur met jou. Geloof slaan jou asem weg.
- Geloof is soos om verlief te raak. Jy besluit nie om verlief te raak nie. Dit gebeur met jou.

Geloof hou dus meer verband met lyding, met vreugde, met skoonheid, met kuns as met logika.

Ook **R Bohren** vergelyk prediking met ander handelinge wat *vreugde* bring (Bohren 1980:17). Prediking is soos skilder; soos ski teen 'n sneeuhelling; soos om 'n boom af te kap en te sien hoe dit val.......

Daarteenoor stel hy in sy voorwoord dat hy tot die skokkende ontdekking gekom het dat prediking dikwels die Woord verduister en alle vreugde verdryf. Hy staan krities teenoor predikante wat as godsdienstige beamptes mense verveel met onophoudelike teologiese korrektheid (Bohren 1980:404).

Bohren beskryf in verskillende hoofstukke van sy *Predigtlehre* (Bohren 1980) prediking soos volg:

- Prediking is kuns
- Prediking is op weg wees, 'n pelgrimsreis
- Dit bring vreugde
- Dit bring pyn
- Dit is 'n heilige spel
- Dit is 'n waagstuk
- Dit is 'n wondergebeure
- Dit dryf duiwels uit
- Dit skep verwagting
- Dit red lewens.

Wie die evangelie nie so kan verwoord nie, moet nie preek nie. Anders word ons woorde net *bla-bla-bla*. Bohren pleit vir vernuwing in die manier hoe ons taal gebruik - dit word 'n spraakleer van hoop; 'n spraakleer van liefde; 'n spraakleer van geloof (Bohren 1980:55-56). Geloofstaal word verpak in geloof, hoop en liefde (1 Kor 13).

Dit is van uiterste belang dat gelowiges in die kerk opnuut vreugde in die Woord vind (Psalm 1). Wat nodig is, is ongekompliseerde wandel in die Woord.

Waar mense hulle in die Woord verdiep, skep dit energie en entoesiasme om in diens van die Heer van die kerk te staan.

Maar hoe praat ons oor die kerk? Ons praat oor gemeentes wat *marginaal of sterwend* is, selfs al is daar nog twee of driehonderd lidmate; gemeentes waar die *begroting* nie klop nie en daarom geen *bestaansreg* het nie en moet *sluit*. Ons praat oor die kerk in terme van *rasionalisasie*, die *aanwending van personeel* en die *herstrukturering van programme.* Ons praat oor die kerk deur gebruik te maak van terminologie wat ontleen word aan die *bestuurswetenskappe.* Ons taal reflekteer ons *institusionele benadering* tot kerkwees. Ons taal reflekteer die *polemiek* en geweld van die wêreld.

Hoe dikwels hoor ons dat van die kerk as *volk van God, as huisgesin van die Vader, as liggaam van Christus of as tempel van die Heilige Gees* gepraat word*?* Hoe dikwels verwoord ons die kerk as lewende, dinamiese organisme?

Transformasie van die kerk sal net moontlik wees indien predikante en lidmate teologiese nadenke kan internaliseer en op 'n sinvolle en aangrypende wyse in geloofstaal kan verbaliseer.

## 5.5. PASTORALE BEDIENINGSPRAKTYK

Die huidige bedieningspraktyk in die NHKA kan gedefinieer word as 'n pastorale bedieningspraktyk. Daar is reeds in die empiriese ondersoek na die NHKA aangetoon wat die werk van die predikant behels en dat die Kerkorde van die NHKA *de iure* 'n pastorale bedieningspraktyk skep (vgl NHKA 1997, Ordinansies 2.1.5, 2.3 en 2.4). In hierdie ordinansies word die pligte van die predikant, ouderling en diaken uitgespel. Die ampsdraers is verantwoordelik vir die pastorale versorging van die gemeente, deur middel van prediking, kategese en huisbesoek. Kenmerke van 'n pastorale bedieningsmodel is :

- 'n Pastorale bedieningspraktyk het die erediens as sentrum. Van lidmate word verwag om die erediens by te woon. Dit gaan daarom dat

mense kerk toe moet gaan. Dit is die presiese teenoorgestelde van die opdrag van Mt 28, waar die kerk die opdrag ontvang om na mense toe te gaan. Deel van die institusionaliseringsproses was die omslag van 'gaan' na 'kom'.

- Die bediening van die evangelie is die verantwoordelikheid van ampsdraers.
- Verwysings in die Kerkorde na lidmate se verantwoordelikheid is uiters beperk. Die Ordereëls en Ordinansies in die Kerkorde beslaan 126 bladsye. Daarvan verwys slegs twee Ordinansies na lidmate: *Alle lidmate moet die evangelie altyd in woord en daad aan alle mense verkondig* (Ordinansie 5.8). In Ordinansie 5.9 word die opdrag aan ampsdraers gegee om lidmate toe te rus met die *oog op die vervulling van die priesterskap van die gelowiges* (NHKA 2010b:85).
- Gesien vanuit die perspektief van die Kerkorde en die omvangryke getal Ordinansies wat oor die dienswerk van die ampsdraers handel, speel lidmate feitlik geen rol in die bediening van die evangelie nie. Dit is ook die werklike situasie in gemeentes van die NHKA. Daar is dus 'n duidelike onderskeid tussen ampsdraers en lidmate.
- 'n Pastorale bedieningspraktyk staan en val by die effektiwiteit van die plaaslike predikant.
- 'n Pastorale bedieningspraktyk is na binne gerig. Dit fokus op versorging van lidmate en die instandhouding van strukture.
- 'n Pastorale bedieningspraktyk laat min ruimte vir die apostolaat. Ook die apostolaat word slegs terloops genoem, as een van die baie take wat die predikant moet uitvoer.

Die NHKA se pastorale bedieningspraktyk word gekenmerk deur die minimale rol wat lidmate speel en 'n swak ontwikkelde missionêre bewussyn. Daarom is dit noodsaaklik dat die bedieningspraktyk transformeer om (1) groter ruimte te skep vir bediening deur lidmate en (2) 'n missionale lewenswyse te vestig.

As gevolg van die sentraliserende beleid van die kerk in die verlede, was 90% van die NHKA se missionale aktiwiteite gesentreer rondom die werksaamhede van die Sinodale Kerkkantoor en Ringskomitees wat hulp en ondersteuning gebied het aan predikante en gemeentes van die *Maranatha Reformed Church of Christ*.

Dit is 'n missionale praktyk wat bekend was in die verlede: Westerse kerke doen sendingwerk in Afrika onder Swartes. Dit is die taak van sendelinge of mense wat daarvoor afgesonder is.

Sending was dus (wat die NHKA betref) iets wat buite die gemeente plaasvind. Gemeentes het die sending aan die Superintendent van Sending en die Raad vir Apostolaat oorgelaat en hulle hoofsaaklik besig gehou met die pastorale versorging van gemeentes.

*'n Pastorale bedieningspraktyk kan soos volg uitgebeeld word:*



## 5.6. MISSIONALE BEDIENINGSPRAKTYK: WAT IS BESLUIT?

Sedert 2007 het daar 'n kentering in die NHKA se verstaan van die apostolaat gekom. Die NHKA het tydens 68e en 69e Algemene Kerkvergaderings die belangrikheid van 'n missionale bedieningspraktyk beklemtoon (NHKA 2010:228-237).

Die 68e AKV het in 2007 op grond van memoranda wat voor die vergadering gedien het, tot die gevolgtrekking gekom dat 'n missionale bedieningspraktyk op gemeentevlak gestalte moet vind. Die implikasie daarvan is dat daar van die bekende pastorale bedieningspraktyk beweeg moet word na 'n missionale bedieningspraktyk. Dit is soos volg geformuleer:

***GEMEENTES***

1. *Die vergadering bevestig dat die apostolaat 'n integrale deel van gemeentelike bediening is en predikante en amptelike vergaderings behoort genoeg tyd daaraan te spandeer.*

2. *Die vergadering moedig gemeentes aan om te begin met 'n proses van gemeente ontwikkeling, waarvan die missionêre gerigtheid 'n wesenlike deel is.*

(NHKA 2007:36-38)

Die gesprek oor 'n missionale bedieningsmodel is by die 69e Algemene Kerkvergadering (2010) voortgesit. In die gesprekke voor en tydens die AKV is onderskeid getref tussen die begrippe ***missionêr*** en ***missionaal*****:**

- Eersgenoemde dui op 'n ***eksterne gerigtheid***, waar die fokus val op projekte en sendingwerk wat elders gedoen word.

- Laasgenoemde dui op 'n ***denk- en bestaanswyse*** waar die missionaat 'n integrale deel van 'n gemeente uitmaak. Dit dui dus allereers op 'n interne saak wat ten diepste met die spiritualiteit van lidmate en die gemeente te doen het, maar tweedens ook (vanselfsprekend) uitmond in diensbaarheid in die wêreld.

'n Missionale bedieningspraktyk het sy vertrekpunt in 'n gemeente se gehoorsame luister na Christus se groot opdrag. Die AKV het beklemtoon dat 'n missionale leefwyse en missionale bedieningspraktyk wesenlik belangrik vir alle Hervormde gemeentes behoort te wees.

Volgens die AKV fokus 'n missionale bedieningspraktyk op die wese en roeping van die kerk, in die lig van die Woord en geïnspireer deur die Heilige Gees. Volgens die AKV (2010:236) gaan dit in 'n missionale bedieningspraktyk om

- 'n Lewende verhouding met God
- Deurleefde Christenskap
- Die koninkryk van God
- 'n Relevante en toepaslike bedieningspraktyk
- Geloofsonderskeiding onder leiding van die Heilige Gees
- Sistemiese denke
- Mense en verhoudings
- Algemene priesterskap van die gelowiges en dissipelskap
- Rentmeesters wat belê in die bediening van die evangelie.

Wanneer gemeentes 'n gesonde missionale lewenswyse en bedieningspraktyk ontwikkel sal hulle in staat wees om hulle ***gestuurdheid*** uit te leef, op so 'n wyse dat groei op verskillende vlakke in die gemeente sal plaasvind.

As deel van hierdie strategie, moet gemeentes toegelaat word om op eie inisiatief, met ***eie verantwoordelikheid*** en aan die hand van die roeping wat hulle ontvang het gehoorsaam te wees aan die Here Jesus se opdrag.

Die AKV het verder besluit dat dit wenslik is dat ***eiesoortige gemeentes*** en geloofsgemeenskappe, met 'n eiesoortige bediening, gevestig word om post-kerklikes en ander bekeerlinge te akkommodeer wat nie gemaklik voel binne die bedieningstrukture van die NHKA nie.

Die Kerk moet erns maak met groei, nie ter wille van die oorlewing van die Kerk as instituut nie, maar omdat dit die opdrag van die Here is. Die Kerk mag nooit doof word vir die Here se bevel om na die nasies te gaan en die evangelie te verkondig en dissipels te maak nie (Mt 28). Die AKV het meervoudige groei soos volg gedefinieer (NHKA 2010:237):

- Groei in geloofsvaardighede en lewensvaardighede
- Groei in bediening
- Inkarnerende groei
- Deelnemende groei.

In ons nadenke oor 'n missionale bedieningspraktyk in die NHKA, is dit ook nodig dat die Kerkorde in berekening gebring word. Met die nagaan van die Kerkorde is dit duidelik dat ***gemeentes*** die verantwoordelikheid dra vir *missio Dei* en die vestiging van 'n missionale bedieningspraktyk.

In die hersiene uitgawe van die Kerkorde bepaal Ordinansie 2.1.5.xi (byvoorbeeld) dat *'n predikant toesien dat die **bedieningsplan van die gemeente** voorsiening maak vir die bearbeiding van buitekerklikes en ongelowiges* (NHKA 2010b:22).

Dit word verder duidelik uit die volgende bepalings van die Kerkorde (NHKA 2010b: 84-85):

### *5.7 APOSTOLAAT*

#### ***5.7.1 MISSIONAAT***

*Die Kerk*

*(i) dra die evangelie uit na alle mense van ánder, of géén godsdienstige oortuigings*

*(ii) lei evangeliste, sendelinge, predikante en werkkragte hiervoor op aan die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM)*

*(iii) bring bekeerlinge op 'n ordelike wyse in kerke en **gemeentes** byeen.*

*(iv) ondersteun die kerke en **gemeentes** wat uit die Kerk se missionêre werk ontstaan het.*

#### ***5.7.2 EVANGELISASIE***

*Die Kerk doen evangelisasie sodat kerkvervreemdes en kerkloses die evangelie kan glo en in **gemeentes** opgeneem word.*

#### ***5.7.5 HERVORMING***

*Die Kerk sit sy **Reformatoriese taak ten opsigte van homself** en ander kerke en kerkgroepe voort.*

Ten spyte van die kerklike gesprek oor missionale bedieningspraktyk, amptelike besluite van die Algemene Kerkvergadering en die enkele ordinansies in die Kerkorde, bly dit vir gemeentes van die NHKA moeilik om ‘n missionale lewenstyl en bedieningspraktyk te ontwikkel.

Die rede daarvoor is voorspelbaar: Die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip en kerkregsisteem wat die struktuur en inhoud van die NHKA Kerkorde bepaal en die Calvinistiese ampsbegrip wat daarin verwoord word, verseker dat die gemeentes van die NHKA steeds ‘n pastorale bedieningspraktyk handhaaf.

Daarom is die besluit van die AKV dat die Kerkorde herskryf moet word, van wesenlike belang. Die nuwe Kerkorde behoort meer aandag te gee aan ‘n missionale bedieningspraktyk, gebou op ‘n organiese kerkbegrip. Die AKV het (soos reeds hierbo aangetoon) die Bybelse metafore, soos volg gesistematiseer(NHKA 2010:522-534):

DIE GEMEENTE IS DIE VOLK VAN GOD

- Ons is die volk van God
- Ons is deel van die verbond
- Ons is God se volk in God se wêreld
- Ons is ‘n volk onderweg

DIE GEMEENTE IS DIE HUISGESIN VAN DIE VADER

- Ons is die huisgesin van die Vader
- Ons is ‘n gesin
- Ons sorg vir mekaar
- Ons eet saam aan tafel

DIE GEMEENTE IS DIE LIGGAAM VAN CHRISTUS

- Ons is die liggaam van Christus
- Ons is een met Christus
- Ons is diensbaar
- Ons is gedoop

DIE GEMEENTE IS DIE TEMPEL VAN DIE HEILIGE GEES

- Ons is die tempel van die Heilige Gees
- Ons het die Heilige Gees ontvang
- Ons word deur die Gees toegerus en begelei
- Ons aanbid en loof die Here

Die sistematisering van Bybelse metafore help ons nie net om tot ‘n bepaalde verstaan van kerkwees te kom nie, maar dien ook as vertrekpunt om inhoud aan ‘n missionale bedieningspraktyk te gee.

## 5.7. TIEN KENMERKE VAN 'N MISSIONALE BEDIENINGSPRAKTYK

In Praktiese Teologie is die geloofshandelinge van die gemeente en gemeentelike bedieningspraktyk normaalweg aan begrippe gekoppel wat uit die Nuwe Testament ontleen is (byvoorbeeld Goedhart 1984). Die *Basiskursus in Bedieningspraktyk* wat tans in die NHKA in gebruik is en deur gemeentes benut word om hulle bedieningsplanne op te stel, formuleer dit soos volg (NHKA sa:12):

- Die ***viering (leitourgia)*** van die heil in Christus deur lofprysing en aanbidding in gemeenskap met God en mekaar. Dit konkretiseer in die erediens van die gemeente, maar ook die lewe van gelowiges moet gekenmerk word deur lof en aanbidding as *erediens* van die lewe.

- Die *betuiging* van die heil in Christus deur ***verkondiging (kerugma)*** en ***getuienis (marturia)*** geskied deur die verstaan van die Skrif, die internalisering en oordra van die inhoudelike waarheid daarvan deur prediking, die bediening van die sakramente, persoonlike getuienis en evangelisasie/ sending.

- Die ***onderrig (didache)*** in die Woord en leer van die kerk tot geloofsopbou en lewensvorming. Dit geskied veral deur die verskillende vorme van kategetiese onderrig en toerusting.

- Die ***deling (koinonia)*** van en versorging in die heil in Christus deur geestelike versorging en ondersteuning, vermaning en tug soos nodig. Die handelingsvelde van onderlinge geestelike sorg deur alle gelowiges spontaan en in kleingroepverband, pastorale gesinsorg deur ampsdraers tydens huisbesoek en pastorale berading is hier ter sake.

- Die ***bediening (diakonia)*** van die heil in Christus deur liefdesdiens en hulpverlening aan alle mense. Dit gaan dus hier om die dienswerk van alle gelowiges wat toegespits word in die barmhartigheidsdiens in die gemeente en die wêreld.

In die Kerkorde van die Protestantse Kerk in Nederland het die bedieningspraktyk tot drie sake vereenvoudig, te wete die apostolaat, diakonaat en pastoraat. Artikel X van die Kerkorde verbind die missionêre opdrag met die diakonale en pastorale taak van die gemeente. Die drie is interafhanklik en interaktief, kan nie geskei word nie maar moet geïntegreerd funksioneer (vgl Van Dorssen sa:7).

Ek sou 'n vierde saak wou byvoeg, te wete die erediens (insluitend verskillende vorme van spiritualiteit en die lewe as erediens tot eer van God). 'n Missionale bedieningspraktyk sal dus tot uitdrukking moet kom in die ***Liturgie, Apostolaat, Diakonaat en Pastoraat.***

Dit beteken dat elkeen van die vier fasette van bediening 'n missionale onderbou verkry. Dit impliseer ingrypende transformasie. Byvoorbeeld:

- Huisbesoek (pastoraat) word nie meer primêr as opsig verstaan nie, maar as 'n geleentheid waar lidmate toegerus word vir hulle dienswerk in die wêreld.
- Bediening kan in kleingroepe geskied, waar vreemdelinge ook verwelkom word.
- Eredienste veronderstel die teenwoordigheid van vreemdelinge en word nie net vir ingewyde lidmate aangebied nie.
- Diakonaat gaan nie net om die versorging van behoeftige lidmate nie, maar om wesenlike betrokkenheid in die gemeenskap om mense se nood te verlig.

Die vraag is: Hoe word dit in die kerklike praxis vergestalt in 'n bruikbare missionale bedieningspraktyk? Verskillende teoloë en verskillende kerke gee verskillende antwoorde.

Daar is reeds verwys na die besluite van die NHKA in die verband. Die Protestantse Kerk in Nederland (PKN) het dit soos volg geformuleer:

*Missionair gemeentezijn is een proces. Het is niet iets wat je bereikt door enkele activiteiten te organiseren. Het gaat om het aanleren van een houding die overal in terugkeert. Het gaat om gehoor geven aan de roeping van de gemeente om op te staan en op weg te gaan in het voetspoor van Jezus, geïnspireerd door de Heilige Geest. Dat proces is en blijft een voortdurende uitdaging en gaat niet enkelen, maar uiteindelik ieder lid van de gemeente aan.*

(Van Dorssen sa:36)

**N Niemandt** het aangetoon dat ontluikende kerke as *prototipe* vir tradisionele kerke kan dien (Niemandt 2007:47-51). In die sentrum van ontluikende kerke staan 'n missionale bedieningspraktyk. Omdat daar in die kringe reeds baie daaroor geskryf is en van die bevindings reeds in die praktyk toegepas word, dien dit as waardevolle bron van inligting.

Volgens Niemandt is daar nege *geloofspraktyke* wat kenmerkend is van ontluikende kerke wat erns maak met missionale bediening (Niemandt 2007:62-163). Dit sou, na my mening, gekwalifiseerd kon dien as vertrekpunt vir 'n missionale bedieningspraktyk in die NHKA, met die byvoeging van 'n tiende: Die *Woord van God* staan sentraal in enige bedieningspraktyk.

### 5.7.1. Dit gaan om Jesus Christus

*In 'n missionale bedieningspraktyk gaan dit in die eerste plek om Jesus Christus en ons verbondenheid aan Hom.*

Niemandt wys daarop dat een van die fundamentele probleme waarmee die kerk in die 21e eeu worstel, is die feit dat mense die kerk en Jesus Christus nie meer met mekaar vereenselwig nie. Die kerk word oor die algemeen beskou as 'n klub vir godsdienstige mense, wat nie noodwendig die lewe van Jesus en die waardes van God se koninkryk verbeeld nie (Niemandt 2007:63).

Mense in die Westerse wêreld reageer positief teenoor Jesus en dit wat Hy geleer het, maar net so negatief teenoor die kerk. Sommige beweer dat hulle die kerk verlaat omdat hulle hul geloof in Jesus Christus lewend wil hou (McNeal 2003:4).

Die eerste uitdaging is dus om nie net Jesus Christus as Verlosser te verkondig deur middel van goeie eksegese en korrekte dogmatiese uiteensetting nie, maar om lidmate te begelei op die pad van dissipelskap.

Ook **A Hirsch** beklemtoon dat die hart van missionaal-inkarnasionele kerkwees is die belydenis *Jesus Christus is die Here* (Hirsch 2006:83ev). Dit is die oeroue belydenis van die kerk wat weer sentraal in die lewe van die gemeente moet staan. As Jesus Christus die Here is, beteken dit dat Hy heers en regeer. Dit gaan om die koninkryke en heerskappy van God. Om Calvyn aan te haal: Christus regeer oor sy kerk deur sy Woord en Gees.....

**GDJ Dingemans** wys op die inspirerende herinnering aan Jesus wat in die Woord te vind is (Dingemans 2005:420ev). Hy maan egter dat daar nie op 'n simplistiese wyse met Jesus geïdentifiseer kan word nie, aangesien ons betreklik min weet van die historiese Jesus. Ons beskik maar net oor vroeë Christene se getuienis oor Christus.

Ook ander teoloë het in die verlede daarop gewys dat Ekklesiologie en Christologie ten nouste saamhang. Ons kan nie oor kerkwees praat as ons nie in die eerste plek oor Christus praat nie. Dit gaan daarom dat ons met Christus één is, dat ons in Christus se dood en opstanding ingelyf is. Die gelowige het saam met Christus opgestaan tot 'n nuwe lewe. Dit betuig en bevestig die doop aan elke gelowige (Rom 6).

Niemandt vermy 'n simplistiese identifikasie met die lewe van Jesus deur dit in verband te bring met die *koninkryk van God*. Dit gaan daarom dat die Jesus

aangekondig het dat die koninkryk van God naby gekom het, dat gelowiges met die koninkryk van God identifiseer en in diens van God se koninkryk staan (Niemandt 2007:63).

Dit moet, meen ek, verder gekwalifiseer word: Dit gaan in kerkwees en kerklike praxis nie net om Jesus Christus nie, maar om God Drie-enig. Daar sal dus gesoek moet word na maniere om die kerklike praxis te verbind aan die Drie-eenheid.

### 5.7.2. Dit gaan om God se wêreld

*'n Missionale bedieningspraktyk het die wêreld as primêre fokus, en nie die kerk nie.*

Een van die gevolge van die skeiding tussen kerk en owerheid en die sekularisering van die samelewing, is dat die kerk 'n randverskynsel in mense se lewens geword het.

Die kerk was self hieraan aandadig: Deur skerp onderskeid te maak tussen kerk en wêreld, tussen Christene en heidene, tussen lidmate van die kerk en die wat buite die kerk staan, het die kerk afstand tussen kerk en wêreld geskep. Die kerk is beskou as sakrale ruimte. God is net te vind in die kerk. Die kerk het self geloof gereduseer tot Sondag se erediens. Gevolglik het die kerk dit onmoontlik gemaak om grense te oorskry en die wêreld met die evangelie te betree.

Op persoonlike vlak het godsdiens 'n privaat aangeleentheid geword. Daar word nie in ander mense se lewens ingemeng nie, ook nie ten opsigte van wat hulle glo en nie glo nie.

Wanneer die kerk wel die grens oorskry het, was dit normaalweg op die terrein van die politiek en het dit die kerk groot skade berokken en gelei tot 'n verlies aan integriteit.

Die verhouding tussen kerk en kultuur is dus van wesenlike belang (Hirsch 2006:81; Heitink 2007:43-73).

Niemandt bepleit 'n groter openheid teenoor die wêreld. God is reeds in die wêreld besig. Die kerk sal moet leer dat die wêreld God se wêreld is, dat God teenwoordig is waar mense leef en werk (Niemandt 2007:68-69).

Daar moet aanvaar word dat die erediens nie die enigste ontmoetingsgeleentheid tussen God en mens is nie. Sport, kuns, vermaak en die werksplek is plekke waar God teenwoordig is. Dit kan ook plekke wees waar die evangelie deur lidmate verkondig word – indien lidmate gereed en voorbereid daarop is.

### 5.7.3. Gemeenskap van die gelowiges

*'n Missionale bedieningspraktyk heg groot waarde aan die onderlinge gemeenskap van gelowiges.*

Om deel van die kerk te wees beteken om met Jesus Christus en die koninkryk van God te identifiseer, maar ook met die mense wat Hom volg (Niemandt 2007:81).

In 'n missionale bedieningspraktyk is mense sewe dae per week aan mekaar verbonde, nie net toevallig vir een uur per week in dieselfde erediens nie. Dit gaan om ondersteunende, sinvolle en gesonde verhoudings. Hoe gelowiges in gemeenskap met mekaar saam leef, moet iets van God se koninkryk vertoon.

Vanuit hierdie perspektief toon Niemandt aan dat bediening deur kleingroepe uiters belangrik geword het (Niemandt 2007:82). Vriendskappe wat binne bepaalde vriendekring uitgeleef word, is een van die kenmerke van ons tyd. Kleingroepe is ook 'n beter voertuig om mense bekend te stel aan die evangelie. Kleingroepe is dus nie meer 'n program van die kerk, of 'n groep wat deur groepshuisbesoek bedien word nie. Kleingroepe is hoe die kerk in sy missionale gestalte leef en werk.

Die geografiese wyksindeling is 'n verouderde en meganiese sisteem van bediening, waar mense deur 'n ampsdraer besoek word omdat die kerk hom

daartoe verplig. In Die afgelope jare is talle vraelyste in gemeentes omgestuur, waarin tot 80% van die lidmate aangetoon het dat hulle nie behoefte het aan sulke besoeke nie. Die kerk besluit egter dat dit moet voortgaan, omdat dit uitdrukking gee aan 'n bepaalde ampsopvatting: Die ouderling moet opsig uitoefen oor die lidmate wat aan hom of haar toevertrou is.

Ook **A Hirsch** beskou *communitas* as uiters belangrik. Hy definieer *communitas* in terme van gedeelde avontuur en selfs gevaar. Dit gaan dus nie om lidmate van die kerk wat *huddle and cuddle* nie (Hirsch 2006:277), maar gelowiges wat saam op reis gaan, wat 'n visie deel en deelneem aan die *missio Dei.*

**G Heitink** verstaan die kerk as 'n *doorgeefgemeenschap* (Heitink 2007:145) of ook 'n *leergemeenskap* (Goedhart 1984:80-108) . Heitink illustreer aan die hand van verskillende skrywers van die Nuwe testament wat verskillende geloofsgemeenskappe en tradisies verteenwoordig het.

Die kerk is 'n gemeenskap waar die verhaal van Jesus van geslag tot geslag oorvertel word. Deur die eeue heen het gelowiges aan mekaar, aan hulle kinders en aan vreemdelinge vertel van God se groot dade. Dit is een van die universele eienskappe van alle godsdienste.

In 'n missionale bedieningspraktyk is dit belangrik dat gelowiges mekaar herinner aan dit wat God gedoen het (Deut 8-11). In die Ou Testament is een van die sentrale opdragte: *Julle moet onthou.... Julle mag nie vergeet nie.... Herinner mekaar aan wat die Here gedoen het....* Dit herinner aan die instellingswoorde van die Nagmaal waar Jesus aan sy dissipels die opdrag gee om sy dood in herinnering te roep.

In 'n modernistiese en institusionele benadering tot kerkwees het dit geformaliseer tot kategese waarin kennis aan kinders oorgedra word. Die kerk se kategeseprogram is gestruktureer volgens wat in skole gebeur. Kinders ontvang onderrig wat kennis bybring, sodat hulle 'n bepaalde vakgebied kan bemeester.

Dit hou verband met die Griekse wysgere se verstaan van *denke* en *handeling*: In die Griekse tradisie gaan dit daarom dat die regte kennis sal lei tot

die regte optrede. Daarteenoor staan die Joodse benadering, naamlik dat die regte manier van optrede lei tot die regte manier van dink. In kort: *Act your way into a new way of thinking* (Hirsch 2006:124). Dissipelskap, waar geloof prakties geleef word, is die beste leerskool vir geloof.

Kinders leer beter deur spel, deur dinge te doen, deur verhale, deur die voorbeeld van volwassenes. ‘n Kognitiewe benadering tot geloof in ‘n akademiese leerproses het slegs beperkte waarde. Geloof word geobjektiveer en gerasionaliseer, wat veroorsaak dat kinders dit moeilik internaliseer.

Die situasie is vererger deur die verval van huisgodsdiens, waar ‘n huisgesin as klein groep gelowiges versamel en die geloofswaarhede van geslag tot geslag oorvertel word. Die vrymoedigheid (en vaardighede) om oor die geloof te praat het verval. Nie eers in die ruimte van ‘n huisgesin is daar die geleentheid of vrymoedigheid om oor Jesus te praat nie.

Kleingroepe kan die meganisme word waar gelowiges kan leer om te praat, waar die swye oor Christus verbreek kan word.

### 5.7.4. Verwelkom die vreemdeling

*‘n Missionale bedieningspraktyk maak erns met die vreemdeling in die poorte en ontvang hulle met gasvryheid.*

Die tradisionele praktyk in die kerk is dat mense wat ‘van buite’ in die gemeente inkom, volwasse kategese deurloop, belydenis van geloof aflê en by ‘n wyk ingedeel word waar die persoon dan (hopelik) elke drie maande deur ‘n ouderling besoek word. Die proses hou nie rekening met spesifieke behoeftes, vrae en veral gebrek aan interaksie met die res van die gemeente nie.

Die inskakeling van vreemdelinge by die gemeente en gasvryheid aan hulle te bewys word vergemaklik indien kleingroepe gereed is om vreemdelinge te ontvang.

Jesus se optrede was 'n toonbeeld van gasvryheid (Niemandt 2007:92). Hy het mense ingesluit in sy kring, ook die wat deur ander as onrein en onbelangrik beskou is.

Die NHKA is vanweë sy geskiedenis en dominante sisteemverhaal 'n geslote kerk. As volkskerk is dit 'n kerk wat gerig is op Afrikaners, mense van 'n bepaalde taal, volk en ras. In die verlede, soos reeds aangetoon, was juis dit ingebed in 'n bepaalde verstaan van die apostolaat. Die apostolêre volkskerk moes (volgens die opvatting) missionaal gerig wees op die volksgenote wat vervreemd geraak het van die kerk en die evangelie. Sulke mense moet met ope arms ontvang word en deel word van geloofsgemeenskap.

Dit is egter 'n selektiewe gasvryheid. Die vreemdeling in die poorte kan ook anders lyk as wat die kerk verwag.

'n Missionale bedieningspraktyk sal erns moet maak met die beginsel dat die kerk oop is (Niemandt 2007:93).

**P Keifert** het *gasvryheid* ontwikkel as 'n sentrale metafoor in sy uiteensetting van die verband tussen die erediens en evangelisasie (Keifert 1992). Keifert toon aan dat gasvryheid 'n bepaalde sensitiwiteit vir die vreemdeling vereis.

Die tyd en kultuur waarin ons leef, die privatisering van godsdiens, die houding dat dit ongeskik (en selfs gevaarlik) is om met vreemdelinge te praat, maak die verhouding tussen die gemeente en vreemdelinge buitengewoon kompleks. Wat die kerk meen oop en gasvry is, kan juis vir die vreemdeling bedreigend voorkom. Dit kan juis 'n gevoel van skaamte en weersin laat ontstaan. Om 'n vreemdeling in 'n erediens te laat opstaan skep dikwels 'n gevoel van angs en skaamte as van verwelkoming.

'n Missionale bedieningspraktyk sal dus deeglik kennis moet neem van die spanning wat mense ervaar wanneer hulle met die onbekende gekonfronteer word.

### 5.7.5. Diensbaarheid

*'n Missionale bedieningspraktyk maak erns met die versorging van mense in nood. Die evangelie moet met Woord en daad bedien word.*

**Augustinus** het in die vroeë kerk bekend gestaan as *Doctor Caritatis* - die Leermeester van die Liefde. Jesus het ons geleer om mekaar, en die vreemdelinge, lief te hê. Jesus het sy boodskap bevestig deur mense in hulle nood aan te raak en te versorg. In die voetspoor van Jesus het Augustinus geleer: *Verkondig die evangelie en as dit nodig is, gebruik woorde.....*

Die vroegste Christelike gemeentes het besonder vinnig gegroei. Daarna is reeds verwys. Een van die redes hiervoor, was die manier waarop Christene by die nood van mense in hulle gemeenskap betrokke geraak het. Byvoorbeeld: Met die uitbreek van epidemies het Christene gehelp om siekes te versorg; na oorlog of gevegte het hulle die soldate wat gesneuwel het begrawe; hulle het hulle kos met armes gedeel; hulle het die weduwees (wat andersins op straat sou wees) versorg en 'n heenkome gebied.

Niemandt verwys na die enorme rol wat kerke in Suid-Afrika gespeel het in die versorging van bejaardes kinders en ander mense wat spesifieke behoeftes het (Niemandt 2007:99-100). Dit was en is ook die geval met die NHKA.

Die Algemene Diakensvergadering (ADV) en Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging (NHSV) bedryf talle ouetehuise, kinderhuise maatskaplike dienste. Duisende verswakte bejaardes, sorgafhanklike kinders, armes, mishandelde vroue en kinders en vele ander word begelei en versorg.

Sonder om in die minste afbreek te doen aan die werk wat oor baie jare gedoen is, is die kritiese vraag tog: Het die kerk met hierdie werkswyse nogmaals die werk van die kerk geïnstitusionaliseer?

Deur groot instellings te vestig wat verantwoordelik is vir die barmhartigheidsdiens, is dit uit die hande van die lidmate geneem. Ten opsigte van lidmate en gemeentes het dit verword tot 'n onpersoonlike handeling van

eenkeer 'n jaar 'n geldelike bydrae te maak tot die instandhouding van die diakonale instellings.

Selfs wanneer gemeentes die instellings besoek, is dit 'n eenmalige geleentheid elke paar jaar wat min te doen het met 'n deurlopende missionale leefwyse en bedieningspraktyk.

Dieselfde het gebeur deur die apostolaatsopdrag aan Sinodale - en Ringskomitees oor te laat. Volgens verslae wat van Ringsvergaderings ontvang word, is 'n beduidende persentasie van gemeentes in die NHKA se betrokkenheid by die apostolaat hulle bydrae wat hulle aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika maak. Gemeentes dra bykans dubbeld soveel by tot die werk van die Bybelgenootskap as tot die voortgang van sendinggemeentes.

Die afleiding wat gemaak word, is dat die diakonaat en apostolaat oor jare heen geïnstitusionaliseer is en dat gemeentes hulle verantwoordelikheid aan sinodale instansies geabdikeer het.

Dit beteken nie dat plaaslike gemeentes nie ook diakonale projekte aan die gang het nie. Gemeentes van die kerk bedryf wonderlike projekte. Dit word oor die algemeen deur 'n paar belangstellende lidmate en diakens aan die gang gehou as 'n projek' van die gemeente.

Die transformasie van die diakonaat en apostolaat is van uiterste belang vir die kerk. Gemeentes sal hulle eersgebore reg, om as agent van God se liefde in hierdie wêreld op te tree, moet opeis. Gemeentes is verantwoordelik en geroep om mense in hulle fisiese en geestelike nood te ondersteun.

Hierdie diensbaarheid aan mense geskied sonder bybedoelings, sonder om mense te probeer 'kersten'.

Tegelykertyd kan dit ook nie die afwesigheid van die evangelie beteken nie. Dit is diensbaarheid in gehoorsaamheid aan God wat ons beveel het: *Wees barmhartig, want ek is barmhartig.....* Die liefdesdiens van gemeentes vloei voort uit die wese van God self.

### 5.7.6. Dissipelskap

*'n Missionale bedieningspraktyk staan en val by die deelname van lidmate. Die mondige volk van God ( laikos – leek) is gereed om met verantwoordelikheid die bediening van die evangelie te behartig. Daar moet beweeg word van formele lidmaatskap na dissipelskap.*

Die samelewing en mens van die 21e eeu word gekenmerk deur 'n verval in magstrukture en gesag. Politici, kerkleiers, onderwysers en ander leiersfigure word nie ernstig geneem nie.

Niemandt (2007:103) verwys na L Sweet wat die huidige kultuur beskryf as 'n *participatory culture.* 'n Deelnemende kultuur word gekenmerk deur mense se behoefte om self besluite te neem op grond van verskillende moontlikhede; leierskap wat ander toelaat en toerus om leiding te gee en waar mense vertrou word om met wysheid deel te neem aan die organisasie waarvan hulle deel is.

Geloof is ten diepste deelnemend van aard (Niemand 2007:104). *Missio Dei* beteken nie net dat God met die wêreld besig is nie, maar dat mense deelneem aan God se sending en handelinge.

Juis dit is een van die fundamentele probleme met 'n institusionele benadering tot kerkwees. Die lidmate bly onbeweeglik, onbetrokke en toeskouers. Die beginpunt van missionale bedieningspraktyk is om lidmate te lei tot 'n nuwe verstaan van kerkwees (Niemandt 2007:107). Dit gaan om vernuwing in Ekklesiologie, kerkbegrip en kerkwees.

Niemandt (2007:106) wys op vier vereistes vir sinvolle deelname deur lidmate aan die missionale bedieningspraktyk:

- Daar is eienaarskap en 'n langtermyn verbintenis aan die geloofsgemeenskap.
- Daar is onderlinge verantwoordbaarheid.
- Daar is gedeelde onderskeiding van dit wat belangrik is en wat God se wil vir die geloofsgemeenskap is.
- Daar is gedeelde visie.

Die gesprek oor die rol van lidmate in die bediening van die evangelie is al baie lank aan die gang, ongelukkig met min resultate.

**AA van Ruler** het reeds in 1952 daarop gewys dat die hele gemeente na binne en na buite diensbaar is. Elke lid van die gemeente staan in 'n algemene en allesomvattende diens, ten dienste van die groter geheel. Elke lidmaat het sy eie genadegawes ontvang. Wat met die gawes gedoen word, is nie 'n individualistiese handeling nie maar is ten diepste 'n handeling deur die gemeente (Van Ruler 1952:11). Tegelykertyd handhaaf Van Ruler die verband tussen die besondere en die algemene amp. Dit kan nie te skerp onderskei word nie (Van Ruler 1952:8).

**H Kraemer** het in 1958 'n reeks lesings in Cambridge aangebied waarin hy 'n *Theology of the Laity* ontwikkel het. Die lesings het in 1960 in Nederland onder die titel *Het vergeten ambt in de kerk* verskyn (Kraemer 1960). In sy 'Teologie van die Gemeentelid' wys hy op die noodsaak van 'n radikale hervorming van die kerk, selfs meer radikaal as die Kerkhervorming van die 16[e] eeu (Kraemer 1960:95). Radikale reformasie is nodig omdat nie net die wêreld nie, maar ook die Heilige Gees die kerk daartoe lei. Wat nodig is, is nuwe nadenke en vormgewing aan die kerk en die wyse waarop die kerk se roeping tot uitdrukking kom.

Kraemer is van die vaste oortuiging dat die gemeentelid in die transformasie van die kerk 'n beslissende rol te speel het. Die grond van lidmate se dienswerk is te vind in 'n *theologiae obedientiae et gratitudinis* (Kraemer 1960:115). Lidmate, op grond van hulle gehoorsaamheid aan God en dankbaarheid vir hulle verlossing deur Jesus Christus, kan nie anders as om diensbaar te wees nie en mag ook nie weerhou word van die bediening van die evangelie nie. Kraemer bou sy 'Teologie van die Gemeentelid' op 'n bepaalde Ekklesiologie en kerkbegrip. Dit kan soos volg saamgevat word (Kraemer 1960:122-146):

- Die kerk bestaan ter wille van die wêreld
- Die kerk is missionaal
- Die kerk is diakonaal

Alle gedooptes is lidmaat van die kerk en verseël tot diens. Kraemer verwys met instemming na **K Barth** wat in sy *Kirchliche Dogmatik* (KD IV/2) die kerk se bestaan saamvat onder die begrip *diensbaarheid* (Kraemer 1960:147). As daar dus van die veronderstelling uitgegaan word dat die kerk in totaliteit *ministerium* of *diakonia* is, dan volg daaruit dat dienswerk nie alleen aan ampsdraers toevertrou word nie maar aan alle gemeentelede.

**A Hirsch** beklemtoon die rol van gelowiges deur die term ***dissipelskap*** te gebruik. Hy skryf:

*When dealing with discipleship, and the related capacity of generating authentic followers of Jesus, we are dealing with that single most crucial factor that will in the end determine the quality of the whole - if we fail in this point we must fail in all others.*

(Hirsch 2006:102)

'n Dissipel was in die Bybelse tyd iemand wat geleer het by 'n Leermeester of *Rabbi.* Daar het verskillende Rabbynse skole bestaan, almal met hulle eie dissipels of leerlinge. 'n Dissipel is dus nie in die eerste plek iemand wat Jesus volg nie, maar iemand wat by Jesus leer.

Daarom gee Jesus aan sy dissipels die opdrag (Mt 28) om *mense sy dissipels te maak en hulle te leer om alles te onderhou wat Hy hulle beveel het.* Dissipelskap impliseer: *Luister na Jesus se woorde, leer by Hom hoe mens in die koninkryk van God leef en gaan vertel dit ook aan ander.*

Die enkele opmerkings is genoeg aanduiding van die belang van die lidmaat in die missionale bedieningspraktyk. Die uitdaging voor die kerk is die transformasie van die lidmaat, van die objek van bediening tot die mede-subjek van bediening. Die lidmaat neem ten volle deel aan die *missio Dei.* Ampsdraers het hoogstens die verantwoordelikheid om hulle daarvoor te help toerus.

### 5.7.7. Kreatiwiteit

*Met die oog op 'n missionale bedieningspraktyk is die gebed: Kom, o Skepper Gees ....... van groot belang. Die Heilige Gees maak mense nuut in die geloof, lei tot wedergeboorte en gee skeppende vermoëns om die evangelie op 'n kreatiewe wyse te verkondig.*

Daar is reeds verwys na die belangrikheid van taal in die bediening van die evangelie. Kreatiewe gebruik van taal, die skep van nuwe terminologie en die gebruik van verhale, metafore en kuns is belangrik (Niemandt 2007:112).

Kommunikasie in die 21e eeu betrek al die sintuie van die mens. Mense wat gewoond is aan visuele media, werk al hoe meer met drome, metafore en beelde. Die benutting van kuns en tegnologie in die erediens, asook die gawes van lidmate, skep 'n inklusiewe erediens waaraan baie lidmate direk deelneem en leiding gee. Die erediens en die prediking is kuns, waar mense aangegryp word deur die skoonheid van die Woord.

Metafore en beelde kom veral tot uitdrukking in rituele en sakramentele handelinge. 'n Herontdekking van die betekenis van sakramente soos die doop en die nagmaal lei tot nuwe insigte en verdiepte spiritualiteit.

Niemandt beklemtoon dat een van die grootste bates van 'n gemeente, is mense met kreatiwiteit; mense wat nuwe werklikhede kan verbeel(d) en verwoord; dromers wat dinge gedoen kry en mense wat radikale vrae kan vra (Niemandt 2007:120-121).

Dit is net binne 'n klimaat van kreatiewe denke dat transformasie van die kerk en 'n missionale lewenswyse en bedieningspraktyk 'n werklikheid kan word.

### 5.7.8. Leierskap

*'n Missionale bedieningspraktyk bou op goeie verhoudings, spanwerk en leiers wat met waagmoed en roepingsbewustheid mense help om self ook leiding te gee.*

Daar is reeds gewys op die belang van leierskap in die kerk. Daarop word nie verder ingegaan nie.

### 5.7.9. Spiritualiteit

*'n Missionale bediening maak erns met 'n verdiepte spiritualiteit, aanbidding en 'n lewe coram Deo.*

Niemandt (2007:137ev) wys op die volgende aspekte van spiritualiteit wat belangrik is:

- 'n Lewe onder leiding van die Heilige Gees. Die sogenaamde *Third Wave Charismatics* is iets anders as die Pentakostalisme waar die buitengewone gebeure soos spreek in tale belangrik is. Dit gaan om stilte, verwondering en aanbidding.
- Die antieke dissiplines van gereelde en deurlopende Bybellees, kontemplasie en gebed word beoefen.
- Spiritualiteit is gerig op God.
- Spiritualiteit word in gemeenskap met ander en vir ander uitgeleef.
- Openbare aanbidding, erediens en publieke getuienis is van groot belang.

**TFJ Dreyer** wys daarop dat spiritualiteit 'n wesenlike deel van die Christelike geloof is (Dreyer 1998:293ev). Hy wys daarop dat die reformatoriese tradisie die volgende kenmerke vertoon:

- ***Dit gaan om God***. God word vereer, verheerlik, geloof en aanbid. Die mens leef *coram Deo*, voor die aangesig van God.

- ***Dit gaan om die Woord.*** God kom deur sy Woord en Gees na die mens. Die gelowige lees, oordink (meditasie) en leef die Woord.

- ***Dit is 'n lewe uit genade.*** 'n Reformatoriese verstaan van die heil plaas die verlossing in die hande van God. Die heil is nie in die mens te vind nie, maar in Christus. Dit is deur genade alleen dat ons as gelowiges aan die heil deel het.

- ***Dit is 'n lewe van heiligmaking.*** Die reformatoriese beginsel van *sola gratia* lei nie tot passiwiteit nie, maar tot 'n lewe van bekering en heiligmaking. Dit is 'n lewe in vryheid, waar die wet van God nie uit dwang gehoorsaam word nie, maar uit dankbaarheid vir die verlossing wat reeds 'n werklikheid is.

- ***Dit glo God se beloftes.*** In reformatoriese kringe speel die verbond 'n groot rol, veral deur middel van die doop. Die gemeente is 'n verbondsgemeenskap. Deur die doop word ons deel van die kerk. Ons leef ook vanuit God s belofte dat Hy ons Vader is, dat Jesus Christus ons sondes afgewas het en dat die Heilige Gees in ons woon.

- ***Dit kom tot uitdrukking in die gemeente.*** Reformatoriese spiritualiteit het 'n korporatiewe dimensie. Dit gaan nie net om die individu nie, maar ook om die gemeente wat versamel om God te loof en te eer en te aanbid. Spiritualiteit hang dus ten nouste met kerkwees saam.

- ***Dit is 'n lewe deur die Gees.*** Kenmerkend van reformatoriese spiritualiteit is die oortuiging dat die Heilige Gees in ons woon nie op grond van ons eie dade of geloof nie, maar op grond daarvan dat God

sy Gees op die kerk uitgestort het. Christus woon in ons deur die Gees. Dit is die belofte van God en diepste grond van 'n Hervormde spiritualiteit.

Hierby moet gevoeg word: Spiritualiteit gaan ten diepste om ***gebed***. Gebed is by uitstek geloofstaal. Daar moet ook op nuwe maniere met gebed omgegaan word (vgl Greig 2007).

Dit spreek vanself dat 'n missionale bedieningspraktyk besondere aandag sal gee aan die vestiging van 'n verdiepte spiritualiteit. Die ruimte waarin dit die beste realiseer, is binne kleingroepe. Kleingroepe leen hulle by uitstek tot geloofsgesprek, gemeenskap, dissipelskap, wandel in die Woord en gebed.

Vanuit 'n verdiepte spiritualiteit, in 'n lewende verhouding met God Drie-enig en in navolging van Christus kan die gemeente die wêreld betree om daar dienend en getuigend te leef.

### 5.7.10. Die Woord

*Transformasie en kerkhervorming is altyd hervorming op grond van die Woord. Die kerk moet luister na wat die Gees vir die gemeente sê. 'n Missionale bedieningspraktyk maak erns met die Woord en help gelowiges om volgens die Woord te leef.*

Binne die reformatoriese tradisie word erns gemaak met die beginsel *ecclesia reformata, semper reformanda.* Kerkhervorming, transformasie, bekering, opstaan tot 'n nuwe lewe en 'n lewenswyse *coram Deo* is eg Hervormd (vgl Dreyer 1998:306-307).

Dit is egter 'n gekwalifiseerde hervorming en transformasie: Dit is altyd hervorming na die eise van die Woord. Die kerk kan nie anders as om met geloofsonderskeiding na die Woord en Gees te luister nie.

Die gawe van geloofsonderskeiding is 'n gawe van God. Dit gaan gepaard met gebed en gehoorsame luister na God se Woord.

Gelowiges moet met mekaar en met ander oor God se Woord praat. Ons vind ons vreugde in die Woord (Ps 1). Ons gaan met die Woord op weg (Ps 119). Ons wandel in en met die Woord tot versterking van ons geloof.

Dit is ook in en deur die Woord dat die Heilige Gees ons lewens transformeer om waarlik kerk van Christus te wees.

## 5.8. GEVOLGTREKKING

Niemandt kom tot die gevolgtrekking dat 'n missionale bedieningspraktyk gemeentes help om as gestuurdes in die wêreld te leef. Hy definieer die kerk en missionale bedieningspraktyk soos volg:

*Die kerk word verstaan as geroepe mense wat opnuut die wêreld ingestuur word om die goeie nuus van God se ryk te verkondig en mense uit te nooi om dissipels van Jesus te word. Die kerk word geroep uit die wêreld, deur die Gees saamgebring as liggaam van Christus en uitgestuur na die wêreld .*


(Niemandt 2007:148)

Na my menig kan die definisie soos volg uitgebrei word:

*Kerkwees begin by persoonlike en kollektiewe spiritualiteit en lewe coram Deo, wat uitmond in dissipelskap. Dissipels leer by Jesus en volg Hom in leer en lewe. Dissipelskap mond uit in die bediening van die evangelie deur alle gelowiges, binne en buite die gemeente. So kom 'n geloofsgemeenskap tot stand wat as volk van God, huisgesin van die Vader, liggaam van Christus en tempel van die Heilige Gees leef. Die geloofsgemeenskap staan in diens van God, is diensbaar aan mekaar en is tot diens van die wêreld.*

Die definisie kan, op 'n baie vereenvoudigde wyse, soos volg uitgebeeld word:

**MISSIONALE BEDIENINGSPRAKTYK IN DIE NHKA**




*Soli Deo Gloria!*